



SUURTURKSVY

deur D.E. MALAN
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming, Uitenhage

Die suurturksvy of persturksvy (*Opuntia stricta* (Haw.) Haw., familie Cactaceae) is 'n lastige onkruid wat meestal as geïsoleerde besmettings in verskillende dele van die Republiek voorkom. Hierdie besmettings moet egter beheer word alvorens hulle verder versprei en groot dele van die Republiek inneem.

Suurturksvy staan in Engels bekend as "Australian pest pear".

MORFOLOGIE

Die suurturksvy lyk baie soos die heelwat groter doringturksvy (*Opuntia ficus-indica* (L.) Mill.), wat algemeen in die land voorkom. Die vlesige blaaië is egter aansienlik kleiner - 230 mm lank en 100 mm breed - met geen of min dorings, en soms 'n kenmerkende groenpers skynsel. Volwasse plante is regop groeiend, word selde hoër as 1 m tot 1,5 m,



FIG. 1 - Suurturksvyblaaië met aantrekklike geel blomme en die kenmerkende pers vrugte

FIG. 2 - 'n Digte suurturksvybesmetting naby Stella

maar kan met verloop van tyd ondeurdringbare boskasies vorm.

Geel blomme word aan die rande van die terminale blaaië gedra en is besonder aantreklik wanneer hulle gedurende die vroeë somer blom. Die pers vruggies is baie kenmerkend vir hierdie turksvysoort, en alhoewel die diep pers tot rooi vrugvleis smaaklik lyk, is dit suur en oneetbaar.

OORSPRONG

Die plantsoort kom inheems in Florida en Texas (VSA) en in Kuba voor. Dit is nie bekend wanneer dit die eerste maal Suid-Afrika binnegekom het nie, maar vermoedelik is dit deur vetplantversamelaars ingevoer.

VOORTPLANTING

Die suurturksvy versprei oorwegend vegetatief deur veral blaaië wat maklik afval en dan wortelskiet om nuwe plantjies te vorm. Die sade word ook deur sekere voëls geëet, wat dit deur middel van hulle mis oor lang afstande kan versprei. Die belangrikste verspreider van die onkruid is egter die mens, wat die aantreklike plant in sy tuin vestig, van waar dit dan versprei.

VERSPREIDING

Die plant het reeds ernstige plaagafmetings aangeneem in die Noord-Kaap, veral in die omgewing van Stella. Dit is ook volop by Muden (Natal), Groot Marico en die Nasionale Krugerwildtuin (Transvaal), Grahamstad (Oos-Kaap) en Windhoek (SWA). Dit is dus duidelik dat die plant baie aanpasbaar is en in feitlik enige deel van die land vestig en floreer.

Die totale besmette oppervlakte beloop reeds etlike duisende hektaar.

WETGEWING

Ingevolge die regulasies vervat in die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983) is die plant as onkruid in die RSA verklaar. Kragtens die gemelde Wet mag niemand die onkruid versprei, of toelaat dat dit versprei word nie, en is die grondgebruiker verplig om die onkruid te beheer waar dit voorkom.

BEHEER

Chemiese beheer

Vinnige en doeltreffende beheer word verkry deur die stamme van groot plante met 'n mononatriummetielarsonaat (MSMA)-oplossing, bestaande uit 1 deel MSMA en 1 deel water, in te spuit. Afhangend van die grootte van die plant word een tot drie gate met 'n metaalsteekpen in die onderstam gestamp, en 2 ml van die 1:1-oplossing word met 'n skaapdoseerspuit hierin gespuit. Die gate moet skuins na onder loop en diep genoeg wees om die oplossing te hou.

Klein plante en loslêende blaaië word deur middel van 'n lugdrukhandspuit, met 'n 1:30-MSMA-oplossing (1 deel MSMA en 30 dele water) benat.

Die nodige voorsorgmaatreëls moet nagekom word met die gebruik van hierdie onkruiddoder. MSMA is 'n breëspektrumonkruiddoder, en daar moet gepoog word om die natuurlike weiveld so min moontlik te beskadig.

Biologiese beheer

Die turksvymot, *Cactoblastis cactorum*, is tans 'n baie doeltreffende natuurlike vyand van die plant. Waar digte stande van die onkruid voorkom, moet die insek verkieslik eers gevestig word voordat chemiese beheer toegepas word. Na enkele seisoene behoort groot dele van die besmetting reeds vernietig te wees, waarna die oorblywende plante dan chemies beheer kan word. Aansienlike besparings, veral aan arbeid en spuitkoste, is op hierdie wyse moontlik.